*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 141] KAAPSTAD, 16 MAART 1977 / CAPE TOWN, 16 MARCH 1977 [No. 5450


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 391. 16 Maart 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 18 van 1977: Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1977.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 391. 16 March 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 18 of 1977: Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1977.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





# ACT

**To amend the provisions of the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970, relating to definitions; the application of the said Act; and the conclusion of leases in respect of a portion of agricultural land; to provide for control regarding the sale or grant of rights in respect of a portion of agricultural land; and for control in regard to the publication of town-planning schemes relating to agricultural land; to enable an Administrator to determine the conditions of use of land which after subdivision is not to be used as agricultural land; to provide for the registration of servitudes in respect of agricultural land; to further regulate the power of the Minister of Agriculture in regard to the delegation of his powers; to increase the penalties for offences in terms of the said Act; to place certain documents issued under certain ordinances on the same level as certain consents granted in terms of the said Act; and to provide for incidental matters.**

---

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 8 March 1977.*)

---

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 70 of 1970, as amended by section 1 of Act 55 of 1972.

**1.** Section 1 of the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the insertion before the definition of "agricultural land" of the following definition:
"'advertise' means to distribute to members of the public or bring to their notice in any other manner any written, illustrated, visual or other descriptive material or oral statement, communication, representation or reference;";

*(b)* by the substitution for paragraph *(b)* of the definition of "agricultural land" of the following paragraph:
"*(b)* land forming part of any area subdivided in terms of the Agricultural Holdings (Transvaal) Registration Act, 1919 (Act No. 22 of 1919), or being a township as defined in section 102 (1) of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937);";

*(c)* by the insertion after the definition of "Minister" of the following definitions:
"'prescribed' means prescribed by regulation;
'right', in relation to agricultural land, does not include any right to minerals or a prospecting or mining right;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Tot wysiging van die bepalings van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970, betreffende woordomskrywings; die toepassing van bedoelde Wet; en die sluiting van huurkontrakte ten opsigte van 'n deel van landbougrond; om voorsiening te maak vir beheer oor die verkoop en verlening van regte ten opsigte van 'n deel van landbougrond; en vir beheer oor die bekendmaking van dorpsbeplanningskemas wat op landbougrond betrekking het; om 'n Administrateur te magtig om voorwaardes te bepaal vir die gebruik van grond wat na onderverdeling nie vir landboudoeleindes gebruik sal word nie; om voorsiening te maak vir die registrasie van serwitute ten opsigte van landbougrond; om die bevoegdheid van die Minister van Landbou om sy bevoegdhede te delegeer, verder te reël; om die strawwe vir misdrywe ingevolge bedoelde Wet te verhoog; om sekere stukke wat kragtens sekere ordonnansies uitgereik is, gelyk te stel aan sekere toestemmings wat ingevolge bedoelde Wet verleen is; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 8 Maart 1977.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 55 van 1972.

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende omskrywing voor die omskrywing van „landbougrond'' in te voeg:
„,adverteer' om enige skriftelike, geïllustreerde, visuele of ander beskrywende stof of mondelinge verklaring, mededeling, voorstelling of verwysing onder lede van die publiek te versprei of op enige ander wyse onder hulle aandag te bring;'';

*(b)* deur paragraaf *(b)* van die omskrywing van „landbougrond'' deur die volgende paragraaf te vervang:
„*(b)* grond wat deel uitmaak van 'n gebied wat ingevolge die Landbouwhoeven (Transvaal) Registratie Wet, 1919 (Wet No. 22 van 1919), onderverdeel is of wat 'n dorp is soos omskryf in artikel 102 (1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937);'';

*(c)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van „plaaslike bestuur'' in te voeg:
„,reg', met betrekking tot landbougrond, nie ook 'n reg op minerale of 'n myn- of prospekteerreg nie;'';

*(d)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van „Sekretaris'' in te voeg:
„,skema' 'n dorpsaanleg- of -beplanningskema wat ingevolge 'n provinsiale ordonnansie of 'n ordon-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





'scheme' means a town-planning scheme prepared in terms of a provincial ordinance or an ordinance of the territory of South West Africa by an authority referred to in paragraph *(a)* of the definition of 'agricultural land', envisaging the co-ordinated and harmonious development of the area to which such scheme relates;".

Amendment of section 2 of Act 70 of 1970, as amended by section 2 of Act 55 of 1972 and section 1 of Act 19 of 1974.

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* (i) any subdivision of land for the purpose of transferring a portion thereof to the State or the administration of the territory of South West Africa or a statutory body;

(ii) the transfer of an undivided share in land to the State or the administration of the territory of South West Africa or a statutory body;

(iii) the sale or grant of any right to any portion of agricultural land to the State or the administration of the territory of South West Africa or a statutory body;".

Substitution of section 3 of Act 70 of 1970, as substituted by section 2 of Act 19 of 1974.

**3.** The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Act:

"Prohibition of certain actions regarding agricultural land.

**3.** Subject to the provisions of section 2—

*(a)* agricultural land shall not be subdivided;

*(b)* no undivided share in agricultural land not already held by any person, shall vest in any person;

*(c)* no part of any undivided share in agricultural land shall vest in any person, if such part is not already held by any person;

*(d)* no lease in respect of a portion of agricultural land of which the period is 10 years or longer, or is the natural life of the lessee or any other person mentioned in the lease, or which is renewable from time to time at the will of the lessee, either by the continuation of the original lease or by entering into a new lease, indefinitely or for periods which together with the first period of the lease amount in all to not less than 10 years, shall be entered into;

*(e)* no portion of agricultural land, whether surveyed or not, shall be sold or advertised for sale, and no right to such portion shall be sold or granted for a period of more than 10 years or for the natural life of any person or to the same person for periods aggregating more than 10 years, or advertised for sale or with a view to any such granting;

*(f)* no area of jurisdiction, local area, public health area, peri-urban area or other area referred to in paragraph *(a)* or *(b)* of the definition of 'agricultural land' in section 1, shall be established on, or enlarged so as to include, any land which is agricultural land;

*(g)* no public notice to the effect that a scheme relating to agricultural land or any portion thereof has been prepared or submitted under the ordinance in question, shall be given,

unless the Minister has consented in writing.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



nansie van die gebied Suidwes-Afrika deur 'n owerheid bedoel in paragraaf *(a)* van die omskrywing van ‚landbougrond' opgestel word waarin die gekoördineerde en harmonieuse ontwikkeling beoog word van die gebied waarop daardie skema betrekking het;";

*(e)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van „uitvoerende komitee" in te voeg:
„‚voorgeskrewe' by regulasie voorgeskrewe.".

Wysiging van artikel 2 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 55 van 1972 en artikel 1 van Wet 19 van 1974.

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* (i) 'n onderverdeling van grond ten einde 'n gedeelte daarvan aan die Staat of die administrasie van die gebied Suidwes-Afrika of 'n statutêre liggaam oor te dra;

(ii) die oordrag van 'n onverdeelde aandeel in grond aan die Staat of die administrasie van die gebied Suidwes-Afrika of 'n statutêre liggaam;

(iii) die verkoop of verlening van 'n reg op 'n deel van landbougrond aan die Staat of die administrasie van die gebied Suidwes-Afrika of 'n statutêre liggaam;".

Vervanging van artikel 3 van Wet 70 van 1970, soos vervang deur artikel 2 van Wet 19 van 1974.

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verbod op sekere handelinge met betrekking tot landbougrond.

**3.** Behoudens die bepalings van artikel 2—

*(a)* mag landbougrond nie onderverdeel word nie;

*(b)* gaan 'n onverdeelde aandeel in landbougrond wat nie reeds deur iemand besit word nie, op niemand oor nie;

*(c)* gaan 'n deel van 'n onverdeelde aandeel in landbougrond nie op iemand oor nie, indien dié deel nie reeds deur iemand besit word nie;

*(d)* mag geen huurkontrak ten opsigte van 'n deel van landbougrond waarvan die termyn 10 jaar of langer is, of die natuurlike lewensduur van die huurder of 'n ander in die kontrak genoemde persoon is, of wat van tyd tot tyd na die keuse van die huurder hernieubaar is, hetsy deur die voortsetting van die oorspronklike huurkontrak of deur die aangaan van 'n nuwe huurkontrak, vir 'n onbepaalde termyn of vir termyne wat tesame met die eerste termyn van die huur gesamentlik minstens 10 jaar beloop, aangegaan word nie;

*(e)* mag geen deel van landbougrond, hetsy opgemeet of nie, verkoop of vir verkoop adverteer word nie, en mag geen reg op so 'n deel verkoop of vir 'n tydperk van meer as 10 jaar of vir die natuurlike lewensduur van iemand of aan dieselfde persoon vir tydperke wat gesamentlik meer is as 10 jaar verleen word nie, of vir verkoop of met die oog op enige sodanige verlening geadverteer word nie;

*(f)* mag geen regsgebied, plaaslike gebied, gesondheidsgebied, buitestedelike gebied of ander gebied vermeld in paragraaf *(a)* of *(b)* van die omskrywing van ‚landbougrond' in artikel 1, op grond ingestel word wat landbougrond is, of uitgebrei word sodat dit sodanige grond insluit nie;

*(g)* mag openbare kennis tot die effek dat 'n skema wat op landbougrond of 'n deel daarvan betrekking het kragtens die betrokke ordonnansie opgestel of ingedien is, nie gegee word nie,

tensy die Minister skriftelike toestemming verleen het.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Amendment of section 4 of Act 70 of 1970, as amended by section 4 of Act 55 of 1972.

**4.** Section 4 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Minister may in his discretion refuse or—

*(a)* on such conditions, including conditions as to the purpose for or manner in which the land in question may be used, as he deems fit, grant any such application;

*(b)* if he is satisfied that the land in question is not to be used for agricultural purposes and after consultation with the Administrator of the province, including the territory of South West Africa, in which such land is situated, on such conditions as such Administrator may determine in regard to the purpose for or manner in which such land may be used, grant any such application.";

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The Minister or, in the case of a condition referred to in subsection (2) *(b)*, the Administrator concerned may enforce any such condition.";

*(c)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The Minister or, in the case of a condition referred to in subsection (2) *(b)*, the Administrator concerned after consultation with the Minister may vary or withdraw any such condition and, if it has been registered against the title deed of the land, the Minister may direct that it be varied or cancelled.".

Amendment of section 6 of Act 70 of 1970, as amended by section 5 of Act 55 of 1972 and section 3 of Act 19 of 1974.

**5.** Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of section 2 a Surveyor-General shall only approve a general plan or diagram relating to a subdivision of agricultural land, and a Registrar of Deeds shall only register the vesting of an undivided share in agricultural land referred to in section 3 *(b)*, or a part of any such share referred to in section 3 *(c)*, or a lease referred to in section 3 *(d)* or, if applicable, a right referred to in section 3 *(e)* in respect of a portion of agricultural land, if the written consent of the Minister in terms of this Act has been submitted to him.".

Amendment of section 6A of Act 70 of 1970, as inserted by section 6 of Act 55 of 1972.

**6.** Section 6A of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), a servitude in respect of agricultural land, except—

*(a)* a right of way, aqueduct, pipe line or conducting of electricity with a width not exceeding 15 metres;

*(b)* a usufruct over the whole of agricultural land in favour of one person or in favour of such person and his spouse or the survivor of them if they are married in community of property,

shall not be registered by a Registrar of Deeds without the written consent of the Minister.".

Amendment of section 8 of Act 70 of 1970, as amended by section 7 of Act 55 of 1972.

**7.** Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsections:

"(2) The Minister may under subsection (1) delegate the same power to more than one officer or different powers to different officers or in respect of different areas the same or different powers to different officers.

(3) *(a)* An application referred to in subsection (1) shall be made within the period and in the manner prescribed, and shall be accompanied by the prescribed fee.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die Minister kan na goeddunke so 'n aansoek weier of—

*(a)* op die voorwaardes toestaan wat hy goedvind, met inbegrip van voorwaardes betreffende die doel waarvoor of die wyse waarop die betrokke grond gebruik mag word;

*(b)* indien hy oortuig is dat die betrokke grond nie vir landboudoeleindes gebruik sal word nie en na oorleg met die Administrateur van die provinsie, met inbegrip van die gebied Suidwes-Afrika, waarin daardie grond geleë is, op die voorwaardes toestaan wat daardie Administrateur bepaal betreffende die doel waarvoor of die wyse waarop daardie grond gebruik mag word.";

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Die Minister of, in die geval van 'n voorwaarde bedoel in subartikel (2) *(b)*, die betrokke Administrateur kan so 'n voorwaarde afdwing.";

*(c)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Die Minister of, in die geval van 'n voorwaarde bedoel in subartikel (2) *(b)*, die betrokke Administrateur na oorleg met die Minister kan so 'n voorwaarde wysig of intrek en die Minister kan, indien dit teen die titelbewys van die grond geregistreer is, gelas dat dit gewysig of gerojeer word.".

Wysiging van artikel 4 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 55 van 1972.

**5.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van artikel 2 mag 'n Landmeter-generaal slegs 'n algemene plan of kaart wat betrekking het op 'n onderverdeling van landbougrond goedkeur, en mag 'n Registrateur van Aktes slegs die oorgang van 'n onderverdeelde aandeel in landbougrond bedoel in artikel 3 *(b)*, of 'n deel van so 'n aandeel bedoel in artikel 3 *(c)*, of 'n huurkontrak bedoel in artikel 3 *(d)* of, indien toepaslik, 'n reg bedoel in artikel 3 *(e)*, ten opsigte van 'n deel van landbougrond, registreer, indien die toepaslike skriftelike toestemming van die Minister ingevolge hierdie Wet aan hom voorgelê is.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 55 van 1972 en artikel 3 van Wet 19 van 1974.

**6.** Artikel 6A van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), word 'n serwituut ten opsigte van landbougrond, behalwe—

*(a)* 'n reg van weg, waterleiding, pypleiding, of elektrisiteitsgeleiding met 'n wydte van hoogstens 15 meter;

*(b)* 'n vruggebruik oor die geheel van landbougrond ten gunste van een persoon of ten gunste van daardie persoon en sy eggenoot of die langslewende van hulle indien hulle in gemeenskap van goed getroud is,

nie sonder die skriftelike toestemming van die Minister deur 'n Registrateur van Aktes geregistreer nie.".

Wysiging van artikel 6A van Wet 70 van 1970, soos ingevoeg deur artikel 6 van Wet 55 van 1972.

**7.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikels te vervang:

„(2) Die Minister kan kragtens subartikel (1) dieselfde bevoegdhede aan meer as een beampte of verskillende bevoegdhede aan verskillende beamptes of ten opsigte van verskillende gebiede dieselfde of verskillende bevoegdhede aan verskillende beamptes delegeer.

(3) *(a)* 'n Aansoek bedoel in subartikel (1) word gedoen binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse en gaan vergesel van die voorgeskrewe geld.

Wysiging van artikel 8 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 55 van 1972.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





*(b)* If the Minister withdraws any decision of the Secretary or the officer concerned, the prescribed fee paid by the applicant shall be refunded to him, or if the Minister varies any such decision, he may in his discretion direct that the whole or any part of such fee be refunded to the applicant.".

Amendment of section 11 of Act 70 of 1970, as substituted by section 8 of Act 55 of 1972 and amended by section 4 of Act 19 of 1974.

**8.** Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words following paragraph *(d)* of the following words:

"shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding 2 years, and in addition, in the case of an offence contemplated in paragraph *(c)* or *(d)*, to a fine not exceeding R50 in respect of each day on which the offence continues.".

Substitution of section 13 of Act 70 of 1970.

**9.** The following section is hereby substituted for section 13 of the principal Act:

"Validity of permits.

**13.** A permit issued under section 8 (1) *(a)* (ii) or (iii) of the Environment Planning Act, 1967 (Act No. 88 of 1967), or a similar document issued under a provincial ordinance or an ordinance of the territory of South West Africa, prior to the commencement of this Act and still of force and effect at such commencement, shall be deemed to be a written consent granted by the Minister in terms of section 3 of this Act, and the conditions (if any) subject to which such permit or document was issued in terms of the first-mentioned Act or the ordinance in question, shall be deemed to be conditions imposed by the Minister in terms of section 4 (2) of this Act in connection with such consent.".

Short title.

**10.** This Act shall be called the Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1977.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(*b*) Indien die Minister 'n beslissing van die Sekretaris of die betrokke beampte intrek, word die voorgeskrewe geld wat deur die applikant betaal is, aan hom terugbetaal, of, indien die Minister daardie beslissing wysig, kan hy na goeddunke gelas dat die geheel van sodanige geld of 'n gedeelte daarvan aan die applikant terugbetaal word.''.

Wysiging van artikel 11 van Wet 70 van 1970, soos vervang deur artikel 8 van Wet 55 van 1972 en gewysig deur artikel 4 van Wet 19 van 1974.

**8.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat op paragraaf (*d*) volg, deur die volgende woorde te vervang:

,,is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 2 jaar en daarbenewens, in die geval van 'n misdryf beoog in paragraaf (*c*) of (*d*), met 'n boete van hoogstens R50 ten opsigte van elke dag waarop die misdryf voortduur.''.

Vervanging van artikel 13 van Wet 70 van 1970.

**9.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

,,Geldigheid van permitte.

**13.** 'n Permit wat kragtens artikel 8 (1) (*a*) (ii) of (iii) van die Wet op Omgewingsbeplanning, 1967 (Wet No. 88 van 1967), of 'n soortgelyke stuk wat kragtens 'n provinsiale ordonnansie of 'n ordonnansie van die gebied Suidwes-Afrika voor die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgereik is en by sodanige inwerkingtreding nog van krag is, word geag 'n skriftelike toestemming te wees wat die Minister ingevolge artikel 3 van hierdie Wet verleen het, en die voorwaardes (indien daar is) waarop so 'n permit of stuk ingevolge eersgenoemde Wet of die betrokke ordonnansie uitgereik is, word geag voorwaardes te wees wat die Minister ingevolge artikel 4 (2) van hierdie Wet in verband met sodanige toestemming opgelê het.''.

Kort titel.

**10.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1977.